# BELANGRIK: BEMARK JOUSELF!

**Jy is jou eie heel beste advertensie. Bemark jouself as 'n verteenwoordiger van die Aloe Ferox-produkte.**

- Wie gaan jou kliënte wees? Identifiseer moontlike kliënte.
- Stel vas wat jou potensiële kliënte se behoeftes is.
- Dis belangrik om 'n eie spesifieke leuse te hê:

  **Voorbeeld: Hierdie produkte is van die hoogste kwaliteit!**
  **Voorbeeld: Die produkte is besonder bekostigbaar!**
  **Voorbeeld: Die produkte doen presies wat dit sê!**
- Oefen jou sinne voor die spieël en verbeter jou produkkennis.
- Wees altyd vriendelik en behulpsaam.
- Hou jou vinger altyd op die pols van jou besigheid, bv. weet watter produkte op jou rak beskikbaar is.
- As jy rekenaarvaardig is, kan dit voordelig vir jou wees.




Training use only
Please do not share content

**Onthou**: Dis nodig om jouself te bemark om 'n sukses van jou Aloe Ferox-besigheid te maak.

- Sodoende word jou algemene kennis van besigheid, jou produkkennis en jou ou en nuwe vaardighede sommer 'n groot voordeel en bate vir jou.
- Niemand kan dit ooit van jou wegneem nie. Jou vaardighede, ervaring en kennis kan net toeneem en uitbrei tot jou eie voordeel, ook vir jou hele toekoms.

# ANALISEER EN KEN JOU KLIËNTE




Analiseer (ontleed) en bepaal gedurig die behoeftes van jou potensiële en huidige kliënte.

- Moenie produkte aan jou kliënte verkoop wat hulle nie nodig het nie. Dit sal maak dat hulle vertroue in jou verloor.
- Bestudeer hul voorkoms – hare, vel, hande, voete – en voorkeure.
- Wees **oplettend** en luister **aandagtig**.
- Sien moontlikhede raak waar jy van hulp kan wees.
- Moedig jou kliënte aan om oor hulself en hul behoeftes te praat.
- Dis nie nou die geleentheid om oor **jou** probleme te praat nie.
- Lewer slegs kommentaar of maak opmerkings waar van toepassing.

  **Voorbeeld**: Almal kla deesdae oor moeë voete (*SWEET FEET*).

  **Voorbeeld**: Dis so belangrik om 'n mens se immuunstelsel te versterk (*ALOE FEROX JUICE, WINTER FIGHTER, BODY BASICS*).

  **Voorbeeld**: Ekseem kom deesdae baie algemeen voor, veral onder kinders (*WHOLE-LEAF ALOE GEL, X-BALM, BABY BALM*).




Training use only
Please do not share content

~ This material is intended for training purposes only ~

# HELP! WAAR EN HOE BEGIN EK?

Onthou, al weet jy nog nie baie nie, weet jy reeds meer van die produkte as jou kliënte.
**Oplettendheid** is jou grootste bate.

- Kyk gedurig of jy iets raaksien waarvoor jy 'n aanbeveling kan maak.
- Luister aandagtig na wat jou kliënt sê, jy mag dalk later die inligting nodig hê.

Gesels dan sommer net gemaklik en maak opmerkings soos:

- Ja, *JOINT SUPPORT* help vir my man se knie wat so pyn in die nag.
- *HEEL BALM* maak die skurfste hakke mooi glad.
- Ek het nooit kon dink dat *BITTER CRYSTALS* so effektief vir diere gebruik kan word nie.
- Selfs boere kan aalwynbitters gebruik vir hulle vee en wild.
- Ai, sommige tieners sukkel maar met puisies en die hormone. *RADICAL IMAGE* is uitstekend vir velprobleme.
- *SWEET FEET* met *MUSCLE GEL* gemeng, bring soveel verligting vir seer voete en bene.
- *MUSCLE GEL* help nie net vir 'n mens se seer skouer nie, dit help ook vir hoofpyn en hoes.




Die **regte** waarneming en die **regte** aanbeveling op die **regte** tyd, verseker uitstekende resultate.

Training use only
Please do not share content

Aloe Ferox learning

# KENNIS IS MAG!

## Skakel in by Zoom




Kontak marketing@af.co.za / t: 028 735 8100
Volg ons ook op Facebook
https://web.facebook.com/af.co.za

## Getuienisse op www.aalwyn.co.za



BURN WOUNDS TESTIMONY #12 01/08/2019

Before After

**ENGLISH**

Hanlie Vermeulen (sister at Klipheuwel clinic) tells of a little girl who recently came to seek help for the serious burns on her hands, after she burned with boiling water. Hanlie applied ***SUPER ALOE GEL*** on the severe blisters and sent the girl home with the rest of the tube. Hanlie didn't want to break the blisters because she was afraid that infection might set in. The blisters broke after 3 days; however, the girl has kept on applying ***SUPER ALOE GEL*** consistently. Hanlie saw the little girl again after 2 weeks with beautiful new pink skin on her hand and no sign of infection. Her hands recovered beautifully and after 4 weeks the wounds were completely healed.

**AFRIKAANS**

Hanlie Vermeulen (suster by die Klipheuwelkliniek) vertel van 'n dogtertjie wat onlangs kom hulp soek het vir die ernstige brandwonde op haar hande nadat sy met kookwater verbrand het. Hanlie het ***SUPER ALOE GEL*** aan die erge blase gesmeer en die res van die buis saamgegee huis toe. Hanlie wou nie die blase stukkend maak nie omdat sy bang was vir infeksie. Die blase het na 3 dae self stukkend gegaan, maar die dogtertjie het pligsgetrou ***SUPER ALOE GEL*** bly aansmeer. Hanlie het die dogtertjie weer na 2 weke gesien met pragtige nuwe pienk vel en geen teken van infeksie nie. Haar handjies het pragtig herstel en na 4 weke was die wonde heeltemal genees.

t: 028 735 8100 | e: info@af.co.za | www.af.co.za | Aloe Ferox

## Produkkennis




*ALOE FEROX JUICE*
Immuniteit
Energie




*FABULOUS FIBRE BITTER*
Lakseermiddel
Ontgifting

Training use only
Please do not share content

*~ This material is intended for training purposes only ~*

# ALOE FEROX SE WHATSAPP-GROEP HOU JOU OP HOOGTE!

WhatsApp




- Sluit vandag nog aan by Aloe Ferox se WA-groep. Stuur jou WhatsApp-selnommer na marketing@af.co.za om op hoogte te bly van al die nuusflitse en spesiale aanbiedinge (dis nie 'n kletsklub nie,  Aloe Ferox stuur die boodskappe).
- Zoom-onderwerpe word weekliks uitgestuur.
- Stig nou 'n WhatsApp-groep vir jou eie kliënte.
- Dit spaar geweldig tyd as jy net die "specials" van die maand na jou kliënte kan aanstuur.
- Daar is dikwels nog ander spesiale aanbiedinge ook.
- Met slegs die druk van 'n knoppie hou jy jou kliënte op hoogte van elke spesiale aanbieding en die jongste nuus.
- Kliënte kan in hulle eie tyd jou boodskappe of advertensies lees en daarop regeer – of uitvee as hulle wil.
- Telefoonoproepe is dikwels op 'n ongeleë tyd.
- Die advertensies is kort en kragtig, is nooit ontydig nie en elke kliënt plaas sy bestelling wanneer dit hom pas.

Training use only
Please do not share content

# PASGEMAAKTE ADVERTENSIES

Doen aansoek vir gratis pasgemaakte WhatsApp, Facebook of gedrukte materiaal/ advertensies by design.it@af.co.za.

























Please do not share content
Training use only

*~ This material is intended for training purposes only ~*

# NOG VOORBEELDE VAN ADVERTENSIEMATERIAAL




ADVERTENSIEBORD
40 x 60 cm




Gelamineerde plakkate
A4 & A3

Training use only
Please do not share content

~ This material is intended for training purposes only ~

# MAAK GEBRUIK VAN JOU GLANSKATALOGUS




- Moenie jou glanskatalogus in die laai bêre nie.
- Onthou, mense koop eerste met die oë.
- Sit jou kontakbesonderhede op die voor- én agterblad.
- Los die katalogus + bestelvorm vir ‘n dag of drie by een van jou kliënte sodat hul dit tydsaam kan deurblaai.
- Roteer dit van kliënt tot kliënt.
- Sit die katalogus + bestelvorms op die personeel se teetafel neer waar dit gesien en deurgeblaai kan word.
- Mense gaan vrae vra, sorg dat jy die produkte ken.
- Hou van die gewildste sachets gereed as mense meer oor ‘n produk wil weet.
- Ken ook die kombinasie van produkte wat saam aanbeveel kan word. **Voorbeeld**: Goeie immuunopbouers is *WINTER FIGHTER, BODY BASICS* en *ALOE FEROX JUICE*.

Training use only
Please do not share content

# NOG BEMARKINGSWENKE




- Plaas advertensies op jou dorp se besigheidsgroep.
- Ons maak spesiale advertensies gratis volgens jou smaak en behoefte. Kontak ons by design.it@af.co.za.
- Hou ’n praatjie by die ouetehuis, tennisklub of vrouevereniging.
- Plaas relevante sachets op die personeel se teetafel.
- Hou uitstallings net waar jy geleentheid kry, bv. ’n plaasmark, feeste of stalletjies.
- Maak FB-advertensies en inligting vir jou FB-vriende.
- Plaas jou inligting ook op ander groepe se FB-blad.
- ’n Voor- en na-foto is altyd ’n wenner. Onthou, jy kan R500 ontvang vir ‘n goeie kwaliteit voor- en na-foto.
- Getuienisse trek altyd aandag.
- Hou ’n demonstrasie by iemand se huis/besigheid.

**Kyk net die mooi voorbeeld van Marianne en Esmé hier langsaan. Uitstekende Aloe Ferox-funksie gedoen op 16 Junie 2021.**

Training use only
Please do not share content

# DIE EKONOMIE IS SWAK, MAAR ...

- Mense koop nog sjampoe by die supermark, maar onthou, jy verkoop 'n uitstekende reeks haarprodukte en kan dit ook aanbeveel vir haarprobleme.
- Wat van smeergoedjies vir rumatiek en pyne? Jy het 'n beter antwoord: *MUSCLE GEL*.
- Vir almal wat sukkel met verkoues: Aloe Ferox se gebufferde *VITAMIN C+* en *WINTER FIGHTER* gee verkoues en griep 'n uitklophou.
- Oud en jonk gebruik deesdae immuunopbouers: *ALOE FEROX JUICE, BODY BASICS* en *WINTER FIGHTER*.
- Alle dames gebruik steeds 'n gesig- of handroompie. Aloe Ferox se *HAND CREAM* is bekostigbaar en uiters effektief.
- Niks kan kers vashou by *SUPER ALOE GEL* nie. Bemark en beveel aan vir alle sere, wonde, skrape en velprobleme. Gee 'n *SUPER ALOE GEL*-sachet.
- Bemark *SUPER ALOE GEL* as deel van die daaglikse velsorgroetine.
- Meeste mense het troeteldiere: *SHAMPET, RESIST-A-BUG* en *BITTER CRYSTALS*.
- Aloe Ferox het baie bekostigbare geskenkies vir 'n verjaarsdag of Kersfees: *HAND CREAM, SHOWER GEL* of *GLYCERINE SOAP*.
- Wat van daardie hinderlike vlekkies in die gesig? *SPOTLESS*, Flawless.






Training use only
Please do not share content

~ This material is intended for training purposes only ~

# SUKSESVOLLE BEMARKING – WAT OM NIE TE DOEN NIE!

- **'n Rak kan nie praat nie**. Produkte wat net op 'n rak staan, verkoop swak of glad nie.
- Produkte wat **diep gebêre** word, sal nie 'n enkele produk verkoop nie. Kies 'n geskikte plek of area waar die produkte **sigbaar** is.
- Moenie sit en lees wanneer jy 'n stalletjie/skou doen nie. Almal sal by jou uitstalling verbyloop. Wees wakker en deel brosjures uit, laat mense jou handeroom voel of gee 'n geskikte sachet.
- 'n Pragtige uitstalling is nie genoeg nie. **Die sukses lê in jou optrede**. Bemark en wees vol belangstelling vir elkeen wat by jou stalletjie aandoen.
- Daar is min dinge wat voornemende kliënte so vinnig laat padgee as gebrek aan belangstelling van jou kant. "Kyk maar solank" is nie deel van suksesvolle bemarking nie. Wees oplettend, wees belangstellend, wees beskikbaar.
- Moenie jou kliënte doodpraat nie, **luister** na wat hulle sê en vra.
- Gee raad en inligting volgens die **behoefte** van elke situasie.



Training use only
Please do not share content

# LEER KEN DIE HEILSAME BESTANDDELE IN DIE *ALOE FEROX*-PLANT

Jy moet die **gesondheidswaarde** van die *Aloe ferox*-plant ken en gebruik in jou bemarking. Die aalwyn het die grootste verskeidenheid genesende en gesondheidsvoordele. Daar is meer as 130 heilsame bestanddele in elke blaar. (Lees meer hieroor in jou Produkhandleiding, p. 4-6.)

- Bevat 34 aminosure wat die boublokke van die liggaam is en noodsaaklik vir groei en herstel van alle selle in die liggaam.

Training use only
Please do not share content

**Nog heilsame voordele van die aalwyn:**

- Help verlaag cholesterolvlakke.
- Verlaag bloedsuikervlakke by diabete.
- Help beskerm teen gewasgroei en sekere vorms van radiasie.
- Anti-inflammatoriese aktiwiteite.
- Doeltreffend teen allergieë en allergiese reaksies.
- Antibakteries, swamdodend, antiviraal en anti-parasities.
- Voorsien noodsaaklike nutriënte en bou nuwe en ou liggaamselle op.
- Bou en verbeter immuniteit, verskaf energie ... en nog baie meer.



**Jy is 'n verspreider van Aloe Ferox-produkte. Belangrik wanneer jy bemark: elke produk bevat van hierdie besondere ingrediënte wat in die *Aloe ferox* plant voorkom.**

~ *This material is intended for training purposes only* ~